

ST. MATTEUS DIE APOSTEL

21 SEPTEMBER

(1ste Eeu)

In die oë van sy volksgenote was Matteus 'n verraaier, 'n tollenaar en dus iemand wat tolgeld vir die gehate Romeinse oorheersers ingevorder het. Soos altyd ignoreer die Here Jesus mense se opinies en roep Hy hom as medewerker. Onmiddellik volg Matteus die Here en so word hy een van Jesus se Twaalf Dissipels.

Tradisie verbind hom met die Evangelie wat sy naam dra; daarin benadruk hy veral die feit dat die Ou Testamentiese profesieë in Jesus vervul word. Hy het die aangrypende Saligsprekinge van die Here opgeteken en sy Evangelie maak dit duidelik wat van 'n volgeling van Jesus verwag word.